JUKSKEI SA

Geregistreer ingevolge Wet nr.46 van 1926
Registered in terms of Act no 46 of 1926

Ingelyfde Vereniging sonder winsoogmerk
Incorporated Association not for gain

Reg no: 2004/000166/08
Lid van die / Member of the
SASKOK / SASCOC
INTERNASIONALE JUKSKEI FEDERASIE
INTERNATIONAL JUKSKEI FEDERATION

Posadres / Postal address
Kingstraat 25 King Street,
Kroonstad, 9500

Faks nommer / Fax number
086-659-1432

Selnommer / Cell number
083 467 1306

E-posadres / E-mail address
jukskeisa@jukskei.co.za

Verw./Ref: JSA Deelname 2/2020-2021

26 September 2020

AAN: Direkteure Administrasie
Provinsiale Jukskei Federasies

Afskrif aan: JSA Direksie
JSA Komitees
SANW
Erelede

Goeiedag

Na baie goeie terugvoering van al die Presidente van Provinsies gee ek graag die volgende reëling deur met verwysing na toeskouers, wat in ons geval dan meer op ouers gerig is wat hul kinders se oefeninge en wedstryde wil bywoon.

Ons behou die *Status Quo* soos reeds goedgekeur in JSA se plan aan SRSA en soos wat dit goedgekeur is vir Sportbyeenkomste, reeds weer bevestig in die nuutste Regulasies van 17 September 2020.

- "***Paragraaf 14 (c) - only the required number of players, match officials, support staff and medical crew required for the sport match, are allowed at the venue of the sport match***"
- **"Paragraaf 14 (d) - no spectators are allowed at the venue of the sports match"**

Om dit verder te veruidelik in terme van Jukskei, die volgende:

- 'n Span kan net **1(een)** geregistreerde afrigter **OF** Spanbestuurder hê, wat ook so op verslagkaarte aangedui moet word.
- Beamptes verwys na diegene wat in die uitvoering van hul pligte daar moet wees, bv: Skeidsregters, Afrigters, Spanbestuurders, Keurders, Toutjie outjie. **(Moet ook op verslagkaarte aangedui word en deur die voorgeskrewe skanderingsproses gaan).**
- Beamptes mag nie tussen die bane sitplek inneem nie. Hierdie is uiters belangrik, in terme van sosiale distansiëring. Die persoon kan inbeweeg soos nodig maar moet weer dadelik na agter die bane beweeg.
- 'n Klub of Distrik kan ook van 1 Hoofafrigter gebruik maak.

PRESIDENT: JN NEL
1ST VICE PRESIDENT: EG HANSEN (Ms)
2ND VICE PRESIDENT: DJP BRITS
DIRECTORS: DJ SMIT (Ms), HC MARAIS (Ms), M ELS (Ms),
JJM MARAIS, RP MOOPI

- Wat die Beherende Instansie aanbetref verwys ons dan ook na mense wat in klubhuis werk - hulle kan egter nie op die bane rondbeweeg nie.
- Ouers kan in die parkeerarea in hul motors wag. Hierdie area moet verkieslik afgebaken wees. Die speelveld, Klubhuis of badkamergeriewe kan egter nie deur ouers gebruik word nie.
- Spelers en beamptes **MAG NIE** heen en weer tussen speelveld en hierdie area beweeg nie.
- Badkamers bly een van die grootste probleme maar ek glo baie min Distrikte kan effektiewe toegang en beheer toepas hier as ons ouers toelaat om ook hierdie geriewe te kan gebruik.
- Waar moontlik en as Distrikte dit kan bekostig kan 'n tydelike toilet in die parkeerarea beskikbaar gestel word vir ouers.

Ek vertrou dat elkeen sal verstaan dat ons aan sekere vereistes moet voldoen. Nie een van hierdie regulasies word deur JSA daargestel nie maar is dit slegs toepassing van regulasies van die Regering.

Kom ons vat hande en help mekaar, dit is die enigste manier wat ons met die minste skade eendag sal kan terugkyk op hierdie pandemie wat ons dag-tot-dag manier van doen, onherroeplik verander het en tog sal kan sê Jukskei het dit oorleef!

Groete

Bets Hansen
DIREKTEUR DEELNAME

Deidré Smit
DIREKTEUR ADMINISTRASIE